FORMELE ASSESSERINGSTAAK 1

Kwartaal 1

Aktiwiteit 1

LUISTER EN PRAAT: (MONDELING)

Die leerder moet instaat wees om op eenvoudige mondelinge instruksies te reageer.

1. Verdeel die leerders in kleiner groepies. *Stel enige drie* van die volgende vrae aan individuele leerders terwyl hulle waargeneem word. (3)

1.1 Raak aan jou ore.
1.2 Sit jou hande op jou skouers.
1.3 Wys vir my jou regterduim.
1.4 Kam jou hare.
1.5 Steek eers jou regter- en dan jou linkerarm op.
1.6 Wys vir my twee (vyf, een, ens) vingers.
1.7 Wys vir my „n skoen.
1.8 Was jou gesig met beide hande.
1.9 Gaan haal „n pers voorwerp.
1.10 Steek jou tong uit.

Activity 2

LEES EN KLANKE

Die leerder moet instaat wees om voorwerpe te identifiseer en eenvoudige mondelinge vrae te beantwoord.

2.1 Opvoeder maak gebruik van 'n geskikte prent (bv. DBO FAL bl 12, 13) en stel die volgende vrae:

2.1.1 Liggaamsdele:
Wat is dit? Opvoeder wys na arm, kop, voete, ens. (1)

2.1.2 Kleure:
Watter kleur is dit? Opvoeder wys na rooi appel, geel piesang ens. (1)

2.1.3 Familie:
Wie is dit? Opvoeder wys mamma, pappa, ouma ens. (1)

2.1.4 By die huis:
- Wat doen die familie / mamma/ baba/ pappa/ kat? (1)
- In watter vertrek/kamer slaap ons/ bad ons / eet ons/ trek ons aan / kook ons kos/ was ons hande / bak ons koek, kyk ons TV / ens. (1)

Aktiwiteit 2
vervolg

LEES EN KLANKE

2.2 Opvoeder lees die volgende storie:

Ken verjaar vandag. Hy is sewe jaar oud. Sam en Nomsa is ook by sy partytjie.

Ken se pappa bring sy geskenk. Dit is „n pragtige bruin hondjie. Die twee seuns, die meisie en die hondjie speel met die rooi bal.

"Kom, kry koek en koeldrank", roep Ken se mamma. Almal geniet die koek en koeldrank . Hulle sing:

"Veels geluk liewe maatjie
omdat jy verjaar.
Mag die Here jou seën
en nog baie jare spaar!"

Breek mondelinge sinne in woorde op deur op elke woord te klap.
Gebruik slegs een per leerder. (1)

1. "Hy is sewe".
2. "Dit is „n rooi bal."
3. "Ons eet koek".
4. "Die hond is bruin".
5. "Ons sing „n lied."

Aktiwiteit 3

SKRYF

Opvoeder lees weer die bostaande storie.

3.1 Leerders moet prent teken wat die hoofgedagte weergee. (5)

3.2 Leerders kopieer „n onderskrif vanaf die skryfbord. (2)

Ken verjaar vandag.

TOTAAL: 16